# WorksheetCloud.com - Memorandum

**Vak:** Graad 9 Afrikaans EAT

**Onderwerp:** Afrikaans EAT: Eksamen Kwartaal 4

**Punte:** 112

---

**1.** ONWAAR 2

**Verduideliking:** Net die hulpwerkwoord (ww1) verander.

Die hulpwerkwoorde verander soos volg in die verlede tyd:

**sal - sou**
**wil - wou**
**kan - kon**
**moet - moes**

---

**2.** WAAR 2

**Verduideliking:** Die teenwoordige tyd dui op iets wat nou gebeur.
Die verlede tyd dui op iets wat alreeds gebeur het.
Die toekomende tyd dui op iets wat nog nie gebeur het nie.

---

**3.** ONWAAR 2

**Verduideliking:** Gert vra: "Wanneer vertrek die trein?"

As die eerste woord van 'n vraag in die direkte rede 'n vraagwoord is, gebruik ons die vraagwoord as voegwoord (groep 3) in die indirekte rede en die werkwoord in sin 2 skuif na die einde van die sin.

---

**4.** Sy vra: "Waar is die hond?" 3

**Verduideliking:** Die direkte rede word tussen aanhalingstekens geskryf. Dit is 'n vraag en daarom gebruik ons die vraagteken. Onthou dat die direkte rede voorafgegaan word deur 'n dubbelpunt en nie 'n komma nie.

---

**5.** ONWAAR 2

**Verduideliking:** 'n Sin wat met die **Subjek** (Onderwerp) begin, is in die **Bedrywende Vorm** geskryf.

---

**6.** ONWAAR 2

**Verduideliking:** Nee, ek was **nog nooit** in Indië nie.

**Al ooit - nog nooit**

---

**7.** C 4

**Verduideliking:** Sekere werkwoorde kry nie die affiks ge- in die verlede tyd nie. Dit is werkwoorde wat begin met:
**be** - bestel
**ge** - gesels
**her** - herstel
**er** - ervaar
**ont** - onthou
**ver** - verstaan
**mis** - misreken

---

**8.** C 4

**Verduideliking:** In die verlede tyd en toekomende tyd word die voorsetsel en die werkwoord een woord. Die voorsetsel word altyd eerste geskryf (byvoorbeeld: skakel + aan word aanskakel / aangeskakel).

---

**9.** C 4

**Verduideliking:** Net die hulpwerkwoord (werkwoord 1) verander na die verlede tyd en nie die werkwoord (werkwoord 2) nie.

---

**10.** D 4

**Verduideliking:** i.v.m. - in verband met (in connection with)


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**11.** B 4

**Verduideliking:** Rina het gesê: "Julle laat my vandag wag."

Die tye van die werkwoorde moet ooreenstem en die bywoord van tyd verander dus ook in die indirekte rede. Die voornaamwoorde verander om die betekenis te behou.

**12.** A 4

**Verduideliking:** **Daardie** (that) verwys na 'n spesifieke persoon, dier of objek.

**13.** A 4

**Verduideliking:** My voet is deur die rots gesny.

In die Lydende Vorm verander werkwoord 1 soos volg: Verlede Tyd - is
In die Lydende Vorm verander werkwoord 2 soos volg: Verlede Tyd - ge+werkwoord

**14.** C 4

**Verduideliking:** Sy sien nie die hond buite nie.

Die eerste nie is altyd direk na die werkwoord, behalwe as die objek 'n voornaamwoord of eienaam is.
Die tweede nie is altyd aan die einde van die sin.

**15.** Môre sal Sarel die koerant lees. 3

**Verduideliking:** Môre (tomorrow) dui aan dat die sin in die toekomende tyd geskryf moet word. Dit maak nie saak met watter woord jy begin nie, die werkwoord (werkwoord 1) sal altyd daarop volg (dus Môre sal ...).

**16.** Wie gaan almal saam? 3

**Verduideliking:** Wie gaan almal saam?

'n Sin begin altyd met 'n hoofletter. 'n Vraagsin eindig met 'n vraagteken.

**17.** Die polisieman beveel dat Sneeuman moet vries. 3
Die polisieman beveel dat die Sneeuman moet vries.

**Verduideliking:** Vir 'n bevelsin in die indirekte rede word die hulpwerkwoord moet (must) gebruik om die bevel aan te dui.

**18.** Ben woon in Suid-Afrika. 3

**Verduideliking:** **B**en woon in **S**uid-**A**frika.

Eiename word met hoofletters geskryf.

**19.** held 3

**Verduideliking:** **heldin - held** (hero)

Soortname verander om manlike of vroulike vorme aan te dui.

**20.** haar 3
Elle is my meisie en ek is lief vir haar.

**Verduideliking:** Elle is my meisie en ek is lief vir haar.

haar - "her"

**21.** nie 3
Daardie motor is nie my gunsteling nie.

**Verduideliking:** Daardie motor is **nie** my gunsteling nie.

Ons gebruik die dubbel "nie" vir ontkenning.


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**22.** (1) het — 6 (2 per antwoord)

(2) 'n spookstorie

(3) vertel

**Verduideliking:** Werkwoord 1 in die verlede tyd is **het**. Sekere werkwoorde (soos **vertel**) kry nie die affiks ge- in die verlede tyd nie.

**23.** (1) mejuffrou — 4 (2 per antwoord)

(2) bladsy

**Verduideliking:** Mej. - mejuffou
bl. - bladsy

Mejuffrou (mej.) en mevrou (mev.) word al minder gebruik en die meer polities korrekte me. word deesdae gebruik.

**24.** (1) Waar — 4 (2 per antwoord)

(2) is

**Verduideliking:** As die eerste woord in die direkte rede 'n vraagwoord is, gebruik ons die vraagwoord as voegwoord in die indirekte rede. In die direkte rede gebruik ons die normale woordorde en die werkwoord skuif dus terug na die normale posisie.

**25.** (1) soortnaam — 6 (2 per antwoord)

(2) eienaam

(3) versamelnaam

**Verduideliking:** Op die plaas (soortnaam) naby Pretoria (eienaam) is swerms (versamelnaam) bye.

Plaas is die gewone naam vir 'n plek, Pretoria is die spesiale naam van die stad en swerms is 'n versameling van 'n groep van dieselfde soort.

**26.** (1) stofnaam — 6 (2 per antwoord)

(2) abstrakte selfstandige naamwoord

(3) soortnaam

**Verduideliking:** Daar is baie hout (stofnaam) in die natuur (abstrakte selfstandige naamwoord), maar nie in die dorp (soortnaam) nie.

Hout sê waarvan iets gemaak is, die natuur is ontasbaar (abstrak) en dorp is die gewone naam vir 'n plek.

**27.** (1) julle s'n — 4 (2 per antwoord)

(2) hare

**Verduideliking:** Julle het 'n huis. Die huis is julle s'n. Sy het 'n woonstel. Die woonstel is hare.

Besitlike voornaamwoorde dui op eienaarskap (possession).
julle s'n - yours
hare - hers

**28.** (1) sy het hom — 6 (2 per antwoord)

(2) in die aand gehelp

(3) om kos te maak

**Verduideliking:** Sy het hom in die aand gehelp om kos te maak.

In die Lydende Vorm verander werkwoord 1 soos volg: Verlede Tyd - is
In die Lydende Vorm verander werkwoord 2 soos volg: Verlede Tyd - ge+werkwoord

Voornaamwoorde verander sodat die betekenis dieselfde bly.

Onthou die woordorde:
**S** (subject) v1(verb1) **T** (adverb of time) **O** (object) **M** (adverb of manner) **P** (adverb of place) v2(verb2)


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**I** (infinitive)

---

**29.** (1) sy huiswerk is — 6 (2 per antwoord)

(2) elke dag

(3) deur Jan gedoen

**Verduideliking:** Sy huiswerk is elke dag deur Jan gedoen.

In die Lydende Vorm verander werkwoord 1 soos volg: Verlede Tyd - is
In die Lydende Vorm verander werkwoord 2 soos volg: Verlede Tyd - ge+werkwoord

Voornaamwoorde verander sodat die betekenis dieselfde bly.

Onthou die woordorde:
**S** (subject) v1(verb1) **T** (adverb of time) **O** (object) **M** (adverb of manner) **P** (adverb of place) v2(verb2)
**I** (infinitive)

---

**30.** (1) nee — 4 (2 per antwoord)

(2) nêrens

**Verduideliking:** Nee, daar is nêrens 'n kraan naby nie.

Sekere woorde in Afrikaans het 'n negatiewe vorm. Die woorde verander na die negatief en ons gebruik net een "nie" aan die einde van die sin.

---

30 Vrae, 4 Bladsye


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.